

Groenmotors se SA-verkope vaal

Europa neem voortou, hier pla pryse, infrastruktuur

Inge Kühne

Terwyl Westerse lande verwoed teen mekaar meeding om die einde van die binnebrandenjins aan te kondig, is Suid-Afrika nog loutwarm oor elektriese motors, waarvan slegs 100 verlede jaar hier verkoop is, volgens syfers van Lightstone Auto.

515 hibriede motors is darem ook verlede jaar in Suid-Afrika verkoop uit die 360 000 passasiersmotors wat altesame hier base gekry het.

Meer as 2 miljoen elektriese motors is in totaal al wêreldwyd verkoop, waarvan 40% in China.

Frankryk en Brittanje het vandeemaand aangekondig dat hulle teen 2040 die verkoop van nuwe brandstofaangedrewe motors gaan verbied.

Ook die Sweedse Volvo het aangekondig al sy nuwe modelle gaan vanaf 2019 minstens gedeeltelik elektries wees. "Hierdie is die einde van die motor wat uitsluitlik deur 'n binnebrandenjins aangedryf word," het Hakan Samuelsson, hoof van Volvo, gesê.


En die afgelope week het nuus uitgelek dat Toyota werk aan 'n battery vir 'n elektriese motor wat binne minute gelaai kan word.

Die wedloop vir skoner tegnologie in Europa word gedeeltelik aangedryf deur beplande EU-regulasies om teen 2020 uitlaatgasse nog strenger te beheer. Ryk Europeërs is bereid om te betaal ter wille van die omgewing.

Suid-Afrika is nog nie heeltemal daar nie.

Een van die remskoene plaaslik is die feit dat die land tans nog net sowat 50 openbare laaistadies het waar elektriese motors in minder as 'n halfuur gelaai kan word. Dertig van die stasies is in Gauteng; agt in die Kaap.

As jy nie jou elektriese motor by 'n snellaastadie kan inprop nie, kan jy dit oornag doen by 'n gewone muurprop. En met jou volgelaide motor



Die Nissan LEAF.

Nissan en BMW is die baanbrekers

Nissan het die Leaf, Suid-Afrika sy eerste ten volle elektriese motor, in 2013 hier bekend gestel. Twee jaar later het BMW se i3 bygekome.


In 2016 het BMW volgens Lightstone Auto 93 i3's verkoop en Leaf net sewe.

"Die Nissan Leaf het 'n groot deel van die werk gedoen om elektriesemotor-tegnologie aan die plaaslike mark

bekend te stel," sê Mamokhele Sebataane, woordvoerder van Nissan. Die opvolger, 'n nuwegenerasie-Leaf, staan reeds reg om in September internasionaal bekend gestel te word.

BMW en Nissan het in 2015 'n samewerkingsooreenkoms aangegaan om by al hul handelaars laaistadies te bou vir albei se motors.

Verkope van elektriese en hibriede motors



Nog 'n uitdaging in die Suid-Afrikaanse mark is die prys van die motors.

kan jy net 100 km tot 300 km ry. "Die gemiddelde Suid-Afrikaner ry langer afstande, daarom kyk Daimler na beter reikwydte vir batterye en vin-

niger laaitegnologie," sê Shirle Greig, woordvoerder van Daimler, wat tans drie hibriede Mercedes-modelle hier in die mark het. Die regering en ander

rolspelers kan baie bydra om die infrastruktuur te verbeter, sê sy.

Brent Ellis, woordvoerder van Volvo, wat verlede jaar die hibriede mark hier betree het met sy XC90 Twin Engine, sê hoe meer elektriese voertuie hier verkoop word, hoe groter sal die vraag na en beskikbaarheid van infrastruktuur wees.

Nog 'n uitdaging in die Suid-Afrikaanse mark is die koopprys.

Mercedes se GLE 500e van R1,3 miljoen was verlede jaar die topverkooper- hibriede motor in Suid-Afrika en BMW se i3, met 'n koopprys bo R600 000, was die topverkooper onder ten volle elektriese motors.

Toyota, wat in 2005 die eerste was wat 'n hibriede motor, die Prius, na die Suid-Afrikaanse mark gebring het, het sedertdien verskeie hibriede Lexusmodelle plaaslik bekend gestel om rykes te bedien wat omgewingsvriendeliker rygoed soek.

Allerweë word verwag pryse sal mettertyd daal.

Prof. David Bailey, 'n voertuigkenner by die Aston-Universiteit in Engeland, het aan *The Guardian* gesê hy verwag elektriese motors sal teen die middel van die 2020's meer kostedoeltreffend word as motors met 'n binnebrandenjins.

Dit sal deels wees danksy tegnologie, maar ook omdat al meer lande aansporings gaan hê vir omgewingsvriendelike tegnologie.

Clynton Yon, woordvoerder van Toyota, meen die gebrek aan regeeringsaansporings is een van die faktore wat die plaaslike vraag na elektriese motortegnologie beperk.

Navorsing deur Bloomberg toon teen 2040 sal 35% van alle nuwe motors elektries wees. BMW reken teen 2025 gaan tussen 15% en 25% van sy verkope elektriese motors wees. In Noorweë was 15,7% van nuwe motors wat verlede jaar verkoop is, reeds elektries. Dieselve verkope het in dié land met 40% gedaal sedert 2011.

"Terwyl Suid-Afrika se mark (en dié van Afrika) verskil van dié in die res van die wêreld, is dit onvermydelik dat daar 'n punt sal kom waar die konvensionele tegnologie uitgefaseer sal word," sê Yon.

Bykomende bronne: Bloomberg, Wired en Reuters.